

23 Maart

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:14-22; 11:30-32
HK, Vraag 82

Boodskap van genade

Daar is altyd die gevaar dat mens die boodskap van genade kan misverstaan. Jy kan dink dat sonde maklik vergewe kan word en daarom word dit ook maklik gedoen – om maar net weer vergewing te vra (Rom 6:1-14). Sulke mense kan die nagmaal ook baie maklik verkeerd verstaan. Hulle dink dat die nagmaal ons slegs verseker dat ons sonde vergewe is, maar niks sê van die bekering deur die Heilige Gees nie. So leef sulke nagmaalsgangers ongelowig en onbekeerd voort.

Ons Skrifgedeeltes maak dit baie duidelik dat jy nie by die nagmaal gemeenskap met Christus kan beoefen en na die nagmaal gemeenskap met die duiwels beoefen nie. Dit kom daarop neer dat jy God uittart.

Waar die afwykende manier van nagmaalsviering geduld word beteken dit dat die hele gemeente eintlik ook maar 'n soort ooreenkoms met die duiwels gesluit het. Dan kom God se oordeel oor die hele gemeente (1 Kor 11:30-32).

Wat dus noodsaaklik is, is nie alleen selfondersoek nie, maar onderlinge Christelike sensuur. Ons kry die opdrag om die ou suurdeeg onder ons te verwyder sodat ons nuwe, ongesuurde, deeg kan wees (1 Kor 5:7-8). Huisbesoek en onderlinge toesig oor mekaar is dus noodsaaklik. Om dié rede het ons nie bloot 'n oop nagmaalstafel nie.

Moenie te moeilik nagmaal vier asof dit slegs vir volmaaktes is nie.

Moenie te maklik nagmaal vier asof God se genade vir jou 'n lisensie is om in ongeloof en sonde voort te lewe nie. Hou hieroor oor jouself en oor jou medegelowiges liefdevolle toesig. Ouderlinge het ook hier 'n groot verantwoordelikheid.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. C Hattingh (Randburg)

~~~~~